





Meting - Lengte

Graad 3



Meting van lengte



Lank gelede het mense verskillende dele van hulle liggame gebruik om mee te meet.



duime




handspan



treë



voete



El – van elmboog tot vingerpunt

Mense se liggaamsdele het te veel verskil, daarom was dit nie 'n goeie manier om lengtes te meet nie. Vandag word 'n meter as die standaard vir lengte oor die hele wêreld gebruik.



Watter maateenhede gebruik ons as ons lengte meet?

- millimeter - mm

- sentimeter - cm



- meter - m

- kilometer - km





Watter meetinstrumente gebruik ons om lengte of afstande te meet?

- liniaal



- maatband



- meetband



Nog meetinstrumente wat ons gebruik om lengte of afstande te meet:

- meterstok



- meetwiel





Hoe lank is 'n meter?

- As Pappa byvoorbeeld sy linkerarm na die kant toe uitstrek, is 'n meter omtrent van sy regterskouer tot by die vingerpunte van sy linkerhand.
- Vra vir Pappa of Mamma om vir jou te wys hoe lank 'n meter op 'n maatband is. Knip dan vir jou 'n stuk tou of wol wat 1 meter lank is.



Het jy geweet?

- Die lang sy van 'n netbalbaan is 'n klein bietjie langer as 30 meter.
- As die O/9's atletiek hardloop, hardloop hulle 60 meter of 80 meter ver.
- Tydens die Covid 19-pandemie moet ons omtrent 2 meter van mekaar af staan.


Doen nou die volgende:

- Skat eers hoe hoog jy dink 'n deur is. Skryf dit neer en meet dan die hoogte van die deur met jou wol/tou. Hoe hoog is die deur?
- Skat hoe lank is julle gang en skryf dit neer. Meet dan die lengte van julle gang met jou tou. Hoe lank is julle gang?

Goed
gedoen!



Onthou: as jy 'n voorwerp of lyn meet,
begin by die 0 op jou liniaal.





S.Vaitheeswara prabu

Measured Value : 11 cm



Kom ons kyk of jy kan onthou wat ons geleer het!

Met watter van hierdie meetinstrumente kan ons lengte meet?



Antwoord: Met 'n liniaal en 'n maatband.



In watter maateenhede meet ons lengte ?

sentimeter gram kilometer liter kilogram

Antwoord: In sentimeter en kilometer.




Mooi
so!



Kom ons meet!

Meet jou huiswerkboek deur jou hand se breedte te gebruik. Kyk na die prentjie hieronder.



Hoeveel hande skat jy sal jy gebruik om die lengte te meet?

Hoeveel hande het jy toe uiteindelik gebruik om die lengte te meet?



Kom ons meet nog!

Gebruik nou jou liniaal om die lengte van jou huiswerkboek te meet.




Hoeveel sentimeter skat jy is jou huiswerkboek?

Hoeveel sentimeter was jou huiswerkboek regtig ?



Kom ons meet lyne!

Kyk na die volgende tabel. Jy moet eers die lengte van die lyne skat voor jy dit meet en die regte lengte neerskryf in sentimeter (cm).

Lyn	Skatting (cm)	Lengte (cm)
1. 		
2. 		
3. 		



Mooi gemeet!



**Trek jy nou die volgende lyne op papier.
Nommer hulle en skryf langs elkeen sy lengte
in sentimeter (cm) neer:**

1. Lyn 1 = 8cm
2. Lyn 2 = 13cm
3. Lyn 3 = 6cm
4. Lyn 4 = 17cm
5. Lyn 5 = 2cm

Onthou om
by nul te
begin!

**Gaan meet sommer nou vir die lekkerte
die lengte van nog van jul
huishoudelike items!**

